# Die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting, Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria

L J S Steenkamp
Universiteit van Pretoria

Abstract
The Centre for Continued Theological Education, Faculty of Theology (Sec A), University of Pretoria

This article considers the factors which bring into prominence the need for continued education as an intrinsic part of the academic programme of the University. The Centre for Continued Theological Education was established in 1987 at the Faculty of Theology (Sec A), University of Pretoria. The purpose of this centre is primarily to supply continued knowledge to pastors of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika with special focus on the practical side of the profession. Apart from the service to this interest group, the focus of the centre is also on the community in general, supplying enrichment programmes to fulfil the Church's responsibilities to the community.

## INLEIDENDE ORIëNTERING

Wêreldwyd word daar tans geworstel met 'n onderwyskrisis wat verband hou met radikale en snelle veranderinge in die onderwys-ekologie. Dié krisis hou verband met agterstande betreffende aanpassing van onderwysstelsels en kurrikulums, finansieringsprobleme, bevolkings- en kennisontploffing en die enorme eise wat die tegnologiese revolusie aan die menslike gebruiker daarvan stel. Die ontwikkelende onder-

wysprofessie het in antieke gemeenskappe te doene gehad met gebruikers wie se lewensverwagting kort was en met 'n ontwikkelingsgang wat baie langsaam gevorder het. Teen die Middeleeue, met die ontstaan van universiteite, is daar van handgeskrewe dokumente en ondoeltreffende kommunikasiemiddele gebruik gemaak en is daar hoofsaaklik staatgemaak op die oordrag van kennis met 'n plek- en tydgebonde karakter.

Hierteenoor is die gebruiker van onderwysvoorsiening in die tweede helfte van die twintigste eeu 'n persoon met 'n aansienlik verlengde lewensverwagting. Hierdie verlengde lewensverwagting word gerugsteun deur die moderne mediese wetenskap wat betreklike goeie lewenskwaliteit tot op 'n hoë ouderdom moontlik maak. Die onderwysgebruiker bevind hom verder binne 'n snel en selfs radikaal veranderende omgewing wat voortdurende aanpassings en vernuwing van kennis en vaardighede vereis van die professionele mens. Die werklikhede en eise van ons tyd dwing dus tot nadenke op elke vlak van die onderwys; van die primêre tot die tersiêre.

Alhoewel die universiteit deur die loop van eeue in baie opsigte 'n merkwaardige uniformiteit vertoon het, is dit ook aan die ander kant so dat dit tydsgebonde is in dié sin dat dit ingebed en verweef is met die gemeenskap waarin dit bestaan. Afgesien van sy skolingstaak in die grondliggende beginsels van wetenskaplike denke, dring die moderne gemeenskap en ander belanghebbendes by hom aan om produktiewe hoë potensiaal mannekrag te vorm en op te lei. Die universiteit het dus vandag te doene met die eise en behoeftes van 'n beroepsgerigte maatskappy binne 'n dinamiese en snel veranderende wêreld. Die universiteit sal te midde van hierdie eise steeds moet waak dat daar nie afgewyk word van 'n fundamenteel-wetenskaplike skoling van die student nie (Haule 1972:30).

Tans word daar wêreldwyd navorsing gedoen met die oog op 'n herdefiniëring van tradisionele onderwyskonsepte waarmee bestaande onderwysvoorsiening aangepas en uitgebrei kan word (Pretorius 1989:136). Die konsep van voortgesette onderwys het so ontwikkel in die laaste twee dekades en reeds 'n gevestigde praktyk geword aan die meeste universiteite. Met hierdie ontwikkeling is dit duidelik dat voortgesette onderwys die opwindende moontlikheid oopmaak dat die professionele persoon se hele produktiewe lewe oorspan kan word met voortgesette en deurlopende leergeleenthede (Kruger 1980:10). Sodoende kan die professionele persoon hom beter toerus in 'n hoogs kompeterende wêreld. In die kompeterende wêreld waarin die mens van vandag leef, word nie net uit 'n professionele hoek gevra na die kwalifikasies van 'n persoon nie, maar daar word met steeds groter aandrang gevra hoe 'n persoon met sy kwalifikasies funksioneer in sy beroep en in sy gemeenskap. Aan die begin van die twintigste eeu was die taakverwagting van 'n professionele bosbouer om 'n groot gebied onder bome op 'n nuttigheidsgrondslag te beheer met beperkte

middele tot sy beskikking. Vandag word van 'n professionele bosbouer verwag om 'n tegniese kundige te wees met 'n gesofistikeerde kennis van landboubestuur en bronnebeheer en met intense belang by langtermyn ekologiese beplanning en die bewaring van die estetiese. Dit illustreer net hoe noodsaaklik dit geword het dat die universiteit voorsiening moet maak vir 'n program van kontinue onderrig op elke vakgebied.

## VOORTGESETTE TOERUSTING BINNE DIE MODERNE UNIVERSITEITS-KONTEKS

### Voortgesette toerusting verskaf kontinue kundigheid aan die wetenskapsgemeenskap

Binne die universiteitswese in Suid-Afrika bestaan konsensus oor die universiteit se taakopgawe en funksie ten opsigte van formele onderwys op tersiêre vlak. Die universiteit is primêr ingestel op die institusionalisering van akademiese denke en vorm so die sentrum vir die generering van wetenskaplike kennis deur navorsing wat uitdrukking gee aan die mens se strewe na nuwe kennis. Indien die universiteit egter sy rol slegs sien as akademiese instituut en oog verloor vir die eise van kontemporêre relevansie, loop hy gevaar om 'n geïsoleerde ivoortoring te word en 'n produsent van onbruikbare kennis (KUH 1987:4-5). Die universiteit bevind hom in 'n moderne gemeenskap binne 'n polêre spanningsverhouding tussen die handhawing van sy tradisionele identiteit aan die een kant en andersyds worstel hy met die eis van tydgenootlike relevansie. Die samelewing van vandag eis eenvoudig van die professionele persoon om al lerend by te bly by nuwe insigte en ontwikkelinge op wetenskaplike terrein en veranderende faktore binne die sosio-ekonomiese omgewing. Die tyd is verby toe 'n afgehandelde studie aan 'n tersiêre instelling as voldoende geag is met die oog op 'n suksesvolle beroepsvervulling (Le Roux 1990:2). Nuwe kennis impliseer nuwe onontdekte moontlikhede wat aan elke vakgebied eiesoortige eise stel, wat nuwe oriëntering en verantwoordelikhede vereis, maar tegelyk ook opwindende uitdaginge inhou. Die universiteite erken daarom dat hulle ook 'n verantwoordelikheid het teenoor afgestudeerdes, aangesien kennisveroudering tot 'n degradering van professionaliteit en oneffektiewe beroepsbeoefening aanleiding gee (Le Roux 1989:3).

Dwarsoor die wêreld het voortgesette toerusting dan ook feitlik net so 'n wesenlike deel geword van die taakopgaaf van die universiteit as formele onderrig en navorsing (McIlroy 1987:5). In die VSA was daar in 1980 reeds sowat vyf miljoen volwassenes by voortgesette onderwysprogramme betrokke (Bowen 1980:27). Peterson (1979:25) verwys na voortgesette onderrig as 'the most rapidly growing segment of

American education'. Dit is verder insiggewend dat afstandonderrig, as vorm van voortgesette onderrig aan afgestudeerdes, in verskillende universiteite van lande soos Rusland, Frankryk, Kanada en Australië gebruik word (Hahn 1982:1).

Ten einde funksioneel te bly in die gemeenskap wat hy bedien, kan geen universiteit vandag anders nie as om met die dinamiek en behoefte van die tegniese-wetenskaplike, sosio-ekonomiese en politieke omgewing rekening te hou en dit inderdaad te akkommodeer deur voortdurende opgradering en inskerping van nuwe kennis. So word erns gemaak met die gedagte dat universiteite ook die sentra vir voortgesette toerusting moet wees, wat doelgerig beplan met die oog op die voortgaande leerbehoeftes van sy graduandi (Eklund 1961:10).

Daar word verder deur universiteite aanvaar dat indien hulle hulle taak binne die Suid-Afrikaanse konteks effektief wil vervul, hulle sal moet rekening hou met die onderwysbehoeftes wat buite die terrein van die formele onderwys lê.

> 'n Lewenskragtige, dinamiese en toeganklike universiteitstelsel, waar hoë akademiese standaarde gehandhaaf word is essensieel vir die gesonde kulturele, politieke en ekonomiese ontwikkeling van 'n land. In die Suid-Afrikaanse konteks sal die universiteitswese 'n sleutelrol moet vervul om die uitdagings van die naderende 21ste eeu te ontmoet en ons kompeterend ten opsigte van hoëvlak mannekrag en navorsing met die res van die wêreld te hou.
>
> Smit (1987:1)

So het die Universiteit die beginsel van kontinue kundigheidsverskaffing aan die wetenskapsgemeenskap aanvaar wat deur middel van opleiding en heropleiding van afgestudeerdes geskied. Deur kontinue opleiding word daar pro-aktief beplan en gewerk met die oog op die eise wat die tyd aan akademiese vorming en opleiding stel. So word die voortgesette akademiese betrokkenheid van die universiteit teenoor die wetenskapsgemeenskap gedemonstreer (KUH 1983).

Daar kan aan die konsep 'voortgesette onderwys' ongekwalifiseerd meer as een interpretasie toegeken word, soos inderdaad uit literatuur oor die onderwerp blyk. In 'n breër konteks beteken 'voortgesette onderwys' dat 'n ander vorm van formele onderwys dit ten grondslag lê (Smit & Malan 1989). So kan sekondêre onderwys as 'n voortsetting van primêre onderwys beskou word. In enger konteks behels voortgesette onderwys binne die taakopdrag van die universiteit, alle onderrigaktiwiteite wat op 'n na-akademiese skolingsvlak aan afgestudeerdes geskied. Hierdie onderrigaktiwiteite kan ook neerkom op 'n na-akademiese herskolingsvlak aan afgestudeerdes, sodat hulle kan tred hou met ontwikkelings- en vernuwingstendense binne die beroepsveld van die betrokke professie. Dit impliseer 'n opvolging van 'n aanvanklik-voltooide skoling, maar kan ook by wyse van uitsondering beroepslui insluit

waar tersiêre opleiding nie as 'n absolute toelatingsvereiste gestel word nie (Smit & Malan 1989).

### Aanbiedingswyses van voortgesette toerustingsprogramme

Die aanbieding van voortgesette toerusting kan geskied by wyse van kort kursusse, kongresse, simposia en selfs deur middel van afstandsonderrig. Dit is noodsaaklik dat die programaanbiedings akademies gefundeerd moet wees. Omdat die programinhoud egter 'n beperkte omvang aanneem lei dit nie tot die toekenning van 'n formeel akademies erkende kwalifikasie nie. 'n Sertifikaat van bywoning wat erkenning gee aan 'n bepaalde vlak van vaardigheid- of kundigheidsbevoegdheid kan egter aan kursusbywoners uitgereik word. Die doel van die onderrigprogramme moet steeds pro-aktiewe gespesialiseerde gemeenskapsdiens in die oog hê, waardeur die beroepseffektiwiteit van afgestudeerdes voortdurende geoptimaliseer kan word (Smit & Malan 1989).

Aangesien elke dissipline unieke omstandighede ervaar, behoort elke fakulteit en departement self die aard en omvang van voortgesette opleidingsprogramme te bepaal en dit binne fakulteitsverband organiseer. Aangesien die Staat voortgesette- en verrykingsprogramme nie as deel van die kernopdrag van universiteite beskou nie, word die programme nie vir subsidiedoeleindes in aanmerking geneem nie. Hierdie programme moet dus self-finansierend wees. Die inhoud vir voortgesette toerustingsprogramme se oorsprong lê dus in die wetenskapsbeoefening van elke akademiese departement. Waar van toepassing word hierdie inligting ook in die formele voor- en nagraadse opleidingsprogramme ingewerk om die simbiose tussen onderrig en navorsing te bevestig (Smit & Malan 1989).

### Verrykingsprogramme as vorm van Voortgesette Toerusting

Die akademiese departement aan 'n universiteit ontsluit in sy taakverrigting 'n wye raamwerk van kennis. Van hierdie kennis kan as algemene programinhoude met belangstellendes in die gemeenskap gedeel word. In hierdie geval is 'n spesifieke wetenskaplike gerigtheid van kursusgangers nie noodwendig 'n voorwaarde nie en hoef die programinhoude ook nie noodwendig streng akademies-wetenskaplik te wees nie. Hierdie tipe voortgesette toerusting kan dus as verrykingsonderwys bestempel word. Hierdie wyse van kennisdeling word as 'n wenslike sosiaal-kulturele verantwoordelikheid van die universiteit en van 'n fakulteit gesien. Die motivering vir hierdie diens aan die gemeenskap lê daarin dat die universiteit deel is van die sosiaal-kulturele struktuur van die gemeenskap. Hierdie vorm van toerusting is

dus 'n sekondêre gemeenskapfunksie en daarom ondergeskik aan die primêre funksie en moet nie daarop inbreuk maak nie (Smit & Malan 1989).

Hierdie wyse van gemeenskapsdiens bewerkstellig groter gemeenskapsbetrokkenheid met gevolglike voordele vir die beeld van die universiteit in die gemeenskap (Cambell 1984:120-125).

## PRINSIPIëLE OORWEGING VAN VOORTGESETTE TEOLOGIESE TOERUSTING AAN PREDIKANTE AAN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE (AFD A)

Gedurende die sewentigerjare van hierdie eeu het 'n indringende gesprek in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika op dreef gekom oor die vraag of die teologiese opleiding daarin slaag om teologiese studente só op te lei dat hulle die eise van die moderne ampspraktyk met vertroue tegemoet kan gaan. Die aktualiteit en dringendheid van hierdie vraag het direk daartoe gelei dat die Dosentevergadering van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria in 1981 'n komitee vir kurrikulumondersoek en -hersiening aangewys het wat die parameters vir 'n kurrikulum vir teologiese opleiding moes oorweeg (Van der Merwe 1984:14).

### Die kurrikulumondersoek onderstreep die noodsaak van voortgesette toerusting

Die kurrikulumkomitee het hom gedurende die tagtigerjare indringend met hierdie opdrag besig gehou. Naas die riglyne wat neergelê is met die oog op 'n kurrikulumontwerp, is die doel en oogmerke uiteengesit wat behoort te geld by die Fakulteit se teologiese opleiding en vorming van predikante. Hiermee is daar direk by die Kerkwet (Bep 78) aangeknoop omdat dit vir die komitee primêr gegaan het oor predikantopleiding met die oog op die bediening in die kerk. Vervolgens is daar gekyk na 'n situasie-analise en 'n behoeftebepaling. Dit is gedoen in die vorm van 'n ideaalbeskrywing van 'n predikant van die kerk. Hier is die vraag oorweeg oor wat noodsaaklik is vir 'n doelmatige bediening wat uiteindelik uitgeloop het op 'n profielskets van 'n predikant in die kerk.

Verder is die oogmerke van die teologiese opleiding oorweeg. Die vraag oor die mate waarin die BD-opleiding slaag om 'n kandidaat te lewer wat aan die gestelde norm of profiel voldoen, het daaruit voortgevloei. Hierdie nadenke het weer aanleiding gegee tot die besef dat die teologiese dosente in 'n baie groter mate betrokke behoort te raak by die doelgerigte vorming van gesindhede en sekere vaardighede met die oog op 'n suksesvolle ampsvervulling. Die saak word tans indringend oorweeg deur die Dosentevergadering en Kuratorium van die kerk.

Die Dosentevergadering het in 1983 'n verslag van die Kurrikulumkomitee aanvaar, wat later bygewerk en goedgekeur is op 'n Fakulteitsberaad (Notule Dosentevergadering, Mei 1988). Uit hierdie verslag het 'n aantal belangrike uitgangspunte na vore gekom:

* Die teologiese student behoort by voltooiing van sy akademiese opleiding (BD) iemand te wees wat wetenskaplik gevorm is, in staat is om krities-analities waar te neem, te interpreteer, sinteties te dink, kontak met die wetenskap te behou en voortdurend daarheen terug te keer en self in staat te wees om sy denke terug te koppel aan sy wetenskaplike grondwerk.
* Die klem in sy opleiding moet val op die konsepmatige, maar dit moet tog ook ruimte laat vir die aanleer van sekere vaardighede. Hy behoort met sy wetenskaplike benaderingstyl in staat te wees om praktyk te stig of te herstig, namate die situasie verander.
* Voorts moet die kurrikulum die vorming van gesindheid in aanmerking neem, veral waar dit gaan om die kandidaat se geloof en geloofshouding.
* Laastens moes die opleiding daarop afgestem wees om 'n persoon by voltooiing van sy studie as 'n algemeen gevormde mens te lewer wat 'n konstruktiewe en leidinggewende rol kan speel in die gemeenskap.

Hierdie uitgangspunte het ten doel om predikante op te lei vir die kerk met 'n algemeen-akademiese, teologiese en professionele opleiding en toerusting wat hulle in staat sal stel om die amp van herder en leraar en die pligte en eise wat in die huidige tydsgewrig daaruit voortvloei of daarmee verband hou, op doeltreffende en waardige wyse te beklee en met 'n Christelike verantwoordelikheidsin te volvoer (Notule Fakulteitsberaad, Mei 1988).

In die kurrikulumontwerp is die behoeftebepaling nie net deskriptief bepaal nie, maar ook normatief. Dit het dus nie net gegaan om wat die kerkvolk van die predikant verwag nie, maar ook wat teologies van die predikant verwag kan word. Dit het gegaan om 'n bepaalde balans wat in die proses van kurrikulumontwerp uitgemaak moes word. Uit 'n verslag van die Kurrikulumkomitee (Notule Kurrikulumkomitee, Oktober 1984) blyk dat die opleiding nooit so volledig kan wees dat dit elke gestelde behoefte kan akkommodeer nie. Wat oorweeg moes word was die daarstelling van 'n haalbare en gebalanseerde opleiding (Kruger 1980:1-6). Op hierdie punt was dit reeds duidelik dat 'n groot deel van die doelstellings en inhoude nie binne die beperkte bestek van die opleidingsperiode aan die orde sou kon kom nie. Die moontlikheid is hier gestel dat sulke doelstellings en inhoude in latere toevoegingskursusse bygebring kon word.

Daar is toe reeds voorsien dat voortgesette teologiese opleiding, dit wil sê 'n opleiding wat plaasvind ná die toelating as predikant, in hierdie doelstellings en inhoude kon voorsien. Dit impliseer dat daar toe reeds voorsien is dat alle voortgesette opleiding vanuit die Fakulteit beplan sou moes word. 'n Instansie soos die Kerklike Instituut vir die Toerusting van Ampsdraers en Lidmate (KITAL) kon nuttig betrek word in so 'n program vir voortgesette opleiding. KITAL het op daardie stadium reeds in opdrag van die Kuratorium en die Algemene Kommissie 'n Kursus in Gemeentelike Praktyk ontwerp, wat jaarliks vir eerstejaarspredikante aangebied is. Die sukses waarmee hierdie mini-kursus ontvang is by jong predikante en hulle eggenote, het die behoefte aan praktykgerigte kursusse vir predikante op 'n voortgesette basis toe reeds onderskryf. Uit die Kerkwet blyk dit verder dat die 'teologiese opleiding en vorming van dienaars van die Woord' nie totaal met die BA-BD-opleiding geïdentifiseer word nie (Bep 78). Om hierdie rede is die indiening van 'n BD-graadsertifikaat nie voldoende gronde om tot die bediening toegelaat te word nie en word die proponentseksamen deur die kerk vereis. Die struktuur laat dus die moontlikheid oop dat daar parallel met die teologiese graadkursus, opleiding in die meer praktiese sake aangebied word (Van der Merwe 1984:145).

Die moontlikheid bestaan verder om deur voortgesette opleiding, ná toelating tot die bediening, 'n opfrissingsprogram en/of gevorderde kursusse aan te bied vir predikante. Die hele bedieningstyd van die predikant word dus as leergeleentheid gesien. 'n Predikant kan nooit bekostig om agteroor te sit en te reken dat hy alles in kruike en kanne het nie. Die oomblik wanneer hy dit dink, is dit die begin van stagnasie en degenerasie in sy denke en optrede. Dit is daarom uiters belangrik om die subjek van die leerproses in die konsep van voortgesette opleiding sterk te beklemtoon. Die indringende beplanning en besinning van die Kurrikulumkomitee van die Fakulteit het dus tot dieselfde gevolgtrekkings gekom as die breëre besinning in die akademiese wêreld, wat die noodsaak vir voortgesette onderrig onderskryf het.

Gedurende die formele opleidingstydperk moet gekonsentreer word op die oordrag van die noodsaaklikste kennisteorie wat 'n voorvereiste is vir die ampsbediening (kwaliteit) en nie soseer op 'n massiewe kennisverskaffing (kwantiteit) nie. Verder moet gekonsentreer word op die ter handstelling van die nodige gereedskap vir verdere kennisverwerwing. Daar moet ook gekonsentreer word op die ontwikkeling van die vermoë om te analiseer, te beoordeel en te sintetiseer ten einde die eie denke te organiseer en kreatief te dink. Dié skoling moet die afgestudeerde in staat stel om die praktyk te kan stig of herstig na gelang van behoeftes. Indien voortgesette opleiding dan deur die subjek van die leerproses gesien word as 'n volgende fase in die volgehoue leerproses, word die voortgesette leerproses ervaar as deel van 'n proses van leer-onder-toesig wat oorgaan na selfstudie, afgewissel met leer-onder-

begeleiding. Selfstandige studie deur die professionele persoon Is dus 'n doelwit wat eenvoudig bereik moet word om die proses van voortgesette onderrig ten volle te benut.

### Voortgesette toerusting bied die moontlikheid vir 'n gesonde wisselwerking tussen akademiese vorming en praktykoefening

Die noodsaak vir 'n voortgesette toerusting vir predikante word ook baie sterk onderskryf deur die praktyk van die ampsbediening. Dit is so dat die praktyk die student of professionele persoon eers regtig moet leer om die regte en relevante vrae aan sy opleiding te vra. Eers vanuit die praktyk begin 'n afgestudeerde sy formele opleiding objektief te beoordeel. Predikante ervaar soms in die beginjare van hulle bediening dat sekere onrealistiese verwagtinge in die gemeente kan lei tot 'n bedieningskok, wanneer hulle blootgestel word aan die werklikheid van die praktyk. Na gelang die afstand groter word van die oorspronklike opleiding af tree afstomping in. Groter realisme tree wel in, maar soms verdof die idealisme en entoesiasme van die begin na 'n aantal jare. 'n Mens verval maklik in 'n groef vanweë jarelange steriotipe optrede binne 'n gemeente.

Gedurende die later deel van 'n predikant se ampsbediening word sy gedagtes soms opgeneem deur allerlei kwellings oor ontoereikende pensioen en toekomstige huisvesting. Hy raak maklik vereensaam en voel of hy al meer opsy geskuif word. Hy beskik wel oor baie mensekennis en bedieningservaring maar is deur omstandighede geneig om al meer kontak te verloor met die geleenthede om nuwe teologiese kennis te ontsluit. Die beste opleidingsresultate word daarom eers bereik waar 'n gesonde wisselwerking bestaan tussen akademiese vorming en praktykoefening. So kan predikante wat na 'n tydperk terugkeer na hulle opleiding toe, hulle behoeftes veel beter identifiseer en relevante vrae stel aan hulle teoretiese opleiding. Dit is daarom 'n proses wat groot waarde kan hê vir die evaluering van die teolgiese wetenskap self vanuit die praktyk.

### Vestiging van die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting aan die Teologiese Fakulteit (Afd A)

Die Universiteit van Pretoria het die administratiewe struktuur geskep om voortgesette opleiding op 'n gesonde grondslag te plaas. Die besluit om die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting (SVTT) aan die Fakulteit Teologie (Afd A) te vestig, kon daarom sonder haakplekke geïmplementeer word. Die eerste vergadering van die Adviesraad van die SVTT het op 30 Maart 1987 plaasgevind by die

Universiteit van Pretoria onder die voorsitterskap van die destydse Dekaan, prof B J Engelbrecht. Tydens die betrokke vergadering het die Adviesraad van die SVTT gekonstitueer en is 'n reglement van orde vir die SVTT aanvaar (notule SVTT 30-3-87).

Prof J H Koekemoer is as eerste Direkteur van die SVTT aangestel, 'n pos wat hy van 1 Januarie 1987 tot in 1989 beklee het toe hy aangestel is as Hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek (Afd A). Prof Koekemoer het volgens 'n reëling van die kerk aangebly as Senior Direkteur van KITAL terwyl hy Direkteur van die SVTT was. Op hierdie wyse het die kerk 'n verbinding tussen KITAL en die SVTT (Fakulteit Teologie) bewerkstellig deur middel van die Senior Direkteur van KITAL, wat tegelyk ook die pos van Direkteur by die SVTT beklee het. Hierdie reëling het groot voordele ingehou vir die effektiewe bedryf en administrasie van die SVTT. Op dié wyse het die kerk die kennis en infrastruktuur wat deur KITAL opgebou is in verband met toerustingkundigheid en navorsingmoontlikheid sinvol in verband gebring met die werk van die voortgesette opleiding van predikante aan die Fakulteit. Die probleem van finansiering van so 'n sentrum is terselfdertyd met dié reëling aangespreek. Prof Koekemoer het met sy ervaring as Senior Direkteur van KITAL 'n goeie grondslag vir die SVTT gelê deur die akademiese begronding en die praktyk van die bediening in 'n gesonde balans te vestig.

Gedurende 1989 is prof M J du P Beukes ook as Direkteur by die SVTT aangestel. Hy is verantwoordelik gemaak vir die Praktiese Opleiding van teologiese studente. Prof L J S Steenkamp is op 1 Mei 1989 aangestel as Senior Direkteur van KITAL en in dieselfde jaar, op 10 Oktober 1989, aangestel as Direkteur van Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT), by die SVTT.

Gedurende 1988 het die SVTT reeds verskeie kursusse in fakulteitsverband aangebied vir predikante sowel as vir lidmate. Die geformuleerde doelwitte van die kursusse is in hoofsaak gemik op die heropleiding van leraars, asook gemeenskapsdienslewering in die algemeen.

Gedurende 1989 het die Algemene Kerkvergadering besluit dat die VTT-kursusse vir alle predikante na toetreding tot die amp verpligtend gemaak word vir 'n tydperk wat aan die hand van behoeftes en praktiese omstandighede vasgestel sal word (NHKA 1989:198). Met die oog op die verpligte voortgesette teologiese toerusting het elke departement van die Fakulteit, saam met KITAL gedurende 1989 gekurrikuleer met die oog op voortgesette programme. Die vyf VTT-kursusse wat daaruit voortgevloei het, word vanaf 1990 jaarliks aangebied in Junie- en Novembermaand. Die beplanning is dat al die predikante van die kerk oor 'n periode van vyf jaar al vyf die kursusse sal deurloop. Daarna sal daar opnuut vir 'n volgende siklus gekurrikuleer word. Uit die terugvoering in artikels in *Die Hervormer* (1990:1)

en uit die evaluering deur kursusgangers na afloop van elke aanbieding, blyk dit dat daar groot waardering by predikante bestaan vir die doelwitte, inhoude en aanbieding van die VTT. Daar is ook groot vreugde betuig vir die geleentheid wat deur die Universiteit van Pretoria geskep is aan afgestudeerde predikante van die Hervormde Kerk om op hierdie wyse deurlopende kontak met die wetenskap van die teologie te behou.

Die Fakulteit het na my mening sinvol en volgens 'n goed deurdinkte program, die vestiging van die VTT van stapel gestuur. Dit is sekerlik in 'n groot mate te danke aan 'n deeglike proses van kurrikulering. Die Algemene Kerkvergadering is op dié wyse oortuig op grond van 'n deeglik voorbereide motivering van die moontlikhede van die VTT vir predikante. Die feit dat dit ná 'n deeglike gedagtewisseling deur die Algemene Kerkvergadering van 1989 verpligtend gemaak is vir alle predikante van die kerk het in 'n groot mate bygedra tot die algemene instemming met die VTT en die gevolglike suksesvolle betrokkenheid van predikante by die betrokke kursusse. Sonder die besluit van die Algemene Kerkvergadering sou die VTT vir predikante beslis nie op so 'n suksesvolle grondslag geplaas kon word nie. Die positiewe gesindheid wat daar by predikante en die kerk bestaan ten opsigte van die VTT blyk ook uit die entoesiastiese wyse waarop predikante inskakel en gebruikmaak van addisionele kursusse wat deur die SVTT aangebied word op 'n vrywillige basis van inskrywing.

Dit sou interessant wees om die invloed van die VTT op predikante met betrekking tot nagraadse studie te bepaal. Die vraag is of die VTT byvoorbeeld gelei het tot 'n oplewing van nagraadse studie soos MDIV-registrasies. Dit is egter nie moontlik om in 'n persiode van drie jaar aan te toon in watter mate die VTT nagraadse studie positief of selfs negatief beïnvloed het nie. Statisties kan daar oor so 'n kort termyn nog nie betroubare tendense uitgewys word nie. Nogtans kan dié invloed van die VTT in die toekoms wel bepaal word, wat insiggewende gegewens en tendense aan die lig kan bring. Dit sal moontlik word wanneer daar genoeg statistiese gegewens beskikbaar is oor 'n aanvaarbare tydperk.

Die VTT-kursusse het inderdaad al die moontlikhede om 'n groot bydrae te lewer met die oog op nuwe motivering en groter betrokkenheid by predikante ten opsigte van die wetenskap van die teologie. Dit skep verder ook die moontlikhede vir predikante om onderlinge verhoudinge met en betrokkenheid by kollegas te bevorder en die kontak met die Fakulteit te verstewig. Dan word daar ook verskeie addisionele kursusse beplan waarvoor behoeftes geïdentifiseer is – vir predikante en lidmate van die kerk. So word daar tans, in samewerking met KITAL, gewerk aan 'n reeks Bybelstudiehandleidings wat deur die SVTT gebruik sal word in 'n reeksaanbieding in Bybelhantering vir lidmate. Op hierdie wyse sal die kontak tussen die

Fakulteit en die breë kerklike gemeenskap ook uitgebou kan word en die beeld van die Universiteit bevorder word in die gemeenskap.

**Die VTT vir predikante getoets aan die beleidsuitgangspunte gestel deur die Universiteit van Pretoria**

Die uitgangspunte soos gestel en aanvaar deur die Universiteit van Pretoria in 'n beleidsdokument (Smit & Malan 1989) wat deur die Fakulteit oorweeg is, word reeds doeltreffend geïmplementeer deur die SVTT met betrekking tot die voortgesette toerusting van predikante.

Die beginsel van kontinue kundigheidsverskaffing aan die wetenskapsgemeenskap, in hierdie geval die predikante van die Ned Herv Kerk, sowel as die beginsel van andersoortige kundigheid en vaardigheidsaanvulling aan die besondere belangegroep, word met baie groot vrug deur die SVTT geïmplimenteer.

Die VTT-program het voortgevloei uit die Fakulteit se kurrikulumondersoek en -debat en die inhoude daarvan is deurlopend in verband gebring met die wyer missie en kurrikulum van die Fakulteit. So word die beginsel nagestreef dat voortgesette onderwysaksies intrinsiek deel van die akademiese program van departemente moet wees en dat departemente self programme inisieer as gespesialiseerde gemeenskapsdiens aan 'n besondere belangegroep.

Die beroepsgemeenskap waarop die kursusse gerig word is die predikante van die kerk en die kursusse verloop in weeklange kort kursusse wat tweekeer per jaar aangebied word.

Die kursusse wat die SVTT in samewerking met KITAL beplan met die oog op onder andere Bybelhantering, streef die beginsel van verrykingsonderwysvoorsiening na as 'n wenslike sosiaal-kulturele verantwoordelikheid van die Universiteit van Pretoria ten aansien van die gemeenskap.

Daar word voldoen aan die beginsel dat voortgesette- en verrykingsprogramme self-finansierend moet wees. Die doelwit word bereik deur die skakeling met KITAL wat dit moontlik maak om die finansiële implikasies van personeel en administrasie te hanteer.

## SLOTOPMERKING

Alhoewel die SVTT 'n betreklik kort geskiedenis aan die Fakulteit Teologie (Afd A) het, is dit reeds op 'n besonder goeie grondslag geplaas. Die voordeel wat die kerk en in besonder die predikante van die kerk geniet uit die voortgesette opleidingsprogramme, het reeds in 'n betreklike kort tydjie die bestaansreg van die

SVTT geregverdig. Die beeld van die Universiteit van Pretoria word aan die ander kant deur hierdie diens uitgebou in die wyer gemeenskap. Deur die diens wat die SVTT aan predikante en die breë gemeenskap bied, beantwoord die Fakulteit op 'n besondere wyse aan die behoeftes en eise wat aan hom gestel word deur die tyd en omstandighede waarin ons leef. Sonder die versiende en bekwame leiding van die eertydse Dekaan, prof J P Oberholzer, sou die SVTT beslis nie so goed gevestig gewees het nie. Sy kritiese insig in die onderwysproblematiek van ons tyd het 'n geweldige bydrae gelewer tot die ontwerp en vestiging van 'n voortgesette onderwysmodel aan die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria. Met die vestiging en uitbouing van die SVTT het die Fakulteit 'n noemenswaardige bydrae gemaak in die soeke na oplossings om 'n doelmatige onderwysstelsel te bedink wat die eise en behoeftes van ons tyd aanspreek.

Elke Fakulteit het uniek-eiesoortige moontlikhede en kundighede. Nadenke oor die aanwendingsmoontlikhede van die SVTT, gesien vanuit die besondere onderwysproblematiek van ons tyd, bied aan die Fakulteit en die Universiteit van Pretoria besondere en unieke moontlikhede om te ontgin. Die feit dat KITAL gekoppel is aan die SVTT verhoog selfs die moontlikhede aansienlik vanweë die navorsingspotensiaal en die toerustingskundigheid wat KITAL oor die jare opgebou het. Dat daar in die toekoms selfs groter vrug kan kom vir beide die Hervormde Kerk en die Universiteit van Pretoria uit die werk en moontlikhede van die SVTT, spreek vanself.

## Literatuurverwysings

Bowen, J 1980. *The management of community information services in the public.* Report to the British Library Research and Development Department on Project SI/G/257.

Campbell, D D 1984. *The new majority, adult learners in the university.* Edmonton: The University of Alberton Press.

*Die Hervormer* 1990. Kursus bring regte begrip t o v klemverskuiwings in opleiding. 1 Augustus 1990, bl 1.

Eklund, C R 1961. The alumni university: Education's new frontier. *Adults Education* 11/3, 161-171.

Hahn, W 1982. University education at the distance in West Germany: An example of significant progress. *Continuum* 47/1, 1-7.

Komitee van Universiteitshoofde, 1983. *Die rol van die Universiteit in nie-formele voortgesette, gemeenskaps- en volwassene-onderwys.* Afdeling Voortgesette Onderwys. Universiteit van Stellenbosch: Werkseminaar KUH.

Komitee van Universiteitshoofde, 1987. *Makro-aspekte van die universiteitswese binne tersiêre onderwysverband in die RSA*. Verslag van die Hoofkomitee van die KUH-Ondersoek. Pretoria: KUH.

Kruger, P A 1980. *Beginsels en Kriteria vir Kurrikulumontwerp*. HAUM: Pretoria.

--- 1988. Voortgesette opleiding van onderwysers: 'n Waardebepaling en 'n toekomsperspektief. *Lyra Academica* 3/1, 7-27.

Le Roux, J 1989. The hole of universities in National Development through continuing education. Paper delivered at the Second International Symposium on the role of universities in developing areas. Israel: Ben Gurian University of Negev Beer-Sheva.

--- 1990. Universiteite se rol in voortgesette onderwysvoorsiening met spesifieke verwysing na die RSA. Ongepubliseerd DPhil proefskrif, Universiteit van Pretoria.

McIlroy, J 1987. Continuing education and the universities of Britain: The political context. *International Journal of Lifelong Education* 6/1, 27-59.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1987. SVTT vergadering. Notule. Pretoria: NHKA.

--- 1989. Algemene Kerkvergadering Notule. Pretoria: NHKA.

Peterson, R E 1979. *Adult education and training for industrialized countries*. New York: Ploeger.

Pretorius, J W M 1989. *Opvoeding, samelewing, jeug*. 2e hersiene uitg. Pretoria: Van Schaik.

Smit, P 1987. *'n Akademiese strategie tot die jaar 2000*. Dosente-Simposium Universiteite in 'n drukgang. Geleenthede en uitdagings vir UP. Buro vir Akademiese steundienste, Universiteit van Pretoria.

Smit, P & Malan, S P T 1989. Beleidsriglyne vir Voortgesette onderwys binne die missie en wetenskappraktyk van die Universiteit van Pretoria. Bylae, Notule Dosentevergadering.

Universiteit van Pretoria 1984. Kurrikulumkomiteevergadering van die Teologiese Fakulteit (Afd A). Notule. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

--- 1988. Fakulteitsraadvergadering. Notule. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

--- 1988. Dosentevergadering van die Teologiese Fakulteit (Afd A). Notule. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van der Merwe, P J 1984. Die teologiese opleiding en kurrikulumondersoek. *HTS* 40, 141-146.